## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

**VRAAG 6: *BLADSAK* – Lucas Malan**

VERHAAL A: "STOKVEL OP 'N PLAAS" (20) **EN** VERHAAL B: "TOM" (20)

**OF**

**VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: "STOKVEL OP 'N PLAAS" – Justice L Makete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die eenvoudige maar stewige grasdakhuis met sy rooi, gebakte bakstene en die groot lapa is in die week netjies oorgedoen. Die oop en vriendelike lapa herinner ons aan die lapahuis van Malelane, Skukuza en Lapalala.
>
> ***
>
> Baba Dlamini is al besig met die slagding. Dis 'n spekvet *Dorper* afkomstig van die aangrensende plaas. Die goed is deesdae ontsettend duur, mompel hy soos hy sy *okapi* in sy sak steek.
>
> ***
>
> ... Hulle eet en eet en bly eet tot die laaste stukkie op is.

6.1 Gee EEN rede waarom 'n stokvel gehou word. (1)

6.2 By wie se huis is die stokvel gehou? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.3 E.

"Die oop en **vriendelike lapa** ..." (reël 2), is 'n voorbeeld van ...

A 'n simbool.
B 'n vergelyking.
C personifikasie.
D klanknabootsing. (1)

6.4 Die vrou by wie die stokvel gehou is, het nie alleen gewerk om alles reg te kry nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.5 Noem TWEE maniere hoe die stokvelgangers by die byeenkoms aangekom het. (2)

6.6 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.6) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| laat; | dronk; | slordig; |

Een van die reëls van die stokvel was dat lede nie ... by die formele verrigtinge mag opdaag nie. (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.7 E.

Die herhaling van "eet" in reël 7 dui aan dat ...

A daar baie mense by die stokvel was.
B die stokvelgangers baie tyd gehad het om te eet.
C die kos baie goedkoop verkoop is.
D die stokvelgangers baie geëet het. (1)

6.8 Wat kon die vrou by wie die stokvel gehou is, gedoen het om seker te maak dat die ou mense meer deel van die vrolikheid ná ete was? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die *zol-eters* en plaaslike skurke is ook teenwoordig.
>
> ***
>
> "Die wêreld is nie onse woning nie!" roep die grysaards soos hulle van die bohaai hoor.
>
> "Baba ka Thembi!" skree MaDlamini luidkeels, "kry vir Mandevu so gou moontlik!"
>
> Die swaargewig en bebaarde Mandevu, soos hy bekend staan, is tuis." 'Ndevu! 'Ndevu! kom help!" roep Sipho Dlamini toe hy na die stil woning aangehardloop kom. Die honde blaf in die agterwerf.
>
> "Die manne steek mekaar!" roep Sipho uit.

6.9 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die skurke het die partytjie kom opbreek.
- Die stokvel-verrigtinge is afgehandel.
- Die stokvelgangers het die partytjie geniet.
- Die voorbereidings vir die dag het vroeg begin. (4)

6.10 Dink jy die stokvelpartytjie sou rustiger gewees het as daar net stokvellede was? Motiveer jou antwoord. (1)

6.11 Hoekom, dink jy, was Mandevu die regte persoon om Malaita te vang? (1)

6.12 Elke stokvel het volgens 'n vaste patroon verloop.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die aktiwiteite in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.12.1 tot 6.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.12.1 | Die voorbereidings vir die stokvel | A | Hier is bepaal wie die geld vir die maand kry |
| 6.12.2 | Die formele stokvel-verrigtinge | B | Hiervoor moes nie-lede betaal |
| 6.12.3 | Etenstyd | C | Dit is wanneer muti en kruie uitgedeel is |
| 6.12.4 | Die dansery na ete | D | Dit het die sukses van die dag bepaal |
| | | E | Dit was die hoogtepunt van die byeenkoms |

(4 x 1) (4)

6.13 Wat kan die lesers uit hierdie verhaal leer? (1)
**[20]**

**EN**

**VERHAAL B: "TOM" – Jeanne Goosen**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

" ... vir 'n halfdooie donkie en 'n kar wat uitmekaar val!" raas ek met my broertjie toe hy met die goed hier op ons erfie aankom.
Hy laat sy kop sak, maar daar is 'n koppige trek om sy mond. Hy sê: "Maar ons kan dorp toe gaan daarmee en allerhande goed aanry!"

6.14 Hoeveel geld het die broertjie vir die donkie betaal? (1)

6.15 Wat was die donkie se naam? (1)

6.16 Die donkie het 'n moeilike lewe gehad.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.17 Die broertjie het dinge gedoen sonder om mooi daaroor te dink.

Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.18 E.

'n **Koppige trek** om die broertjie se mond (reël 3), beteken dat die broertjie ...

A nie wou aanvaar dat hy verkeerd was nie.
B baie jammer gelyk het.
C minder gelukkig gevoel het.
D die verteller se raad gevolg het. (1)

6.19 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| moedeloos; | bang; | hartseer; |

Die verteller wou huil omdat sy ... was. (1)

6.20 Noem TWEE plekke waar die donkie kon wei. (2)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Miskien is my broertjie reg, dat ek hom oor alles kritiseer. Miskien moet ek hom 'n bietjie meer aanmoedig.

***

Die donkie proes weer. Hy druk sy kop innig teen my broertjie se lyf.
"Hene, maar hy is lelik," sê ek en kom nader.
"Love at first fright," lag my broertjie.

6.21 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

As die verteller besluit om minder te **kritisee**r en die broertjie meer **aan te moedig** sien ons 'n duidelike (kontras/ooreenkoms) in haar gedrag. (1)

6.22 Hoekom is die uitdrukking "Love at first fright" (reël 5), vir jou snaaks? (1)

6.23 Hoekom, dink jy, het die verteller 'n rede gehad om vir die boetie kwaad te wees? (1)

6.24 Verskillende mense het verskillende houdings teenoor die donkie gehad.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (6.24.1–6.24.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.24.1 Die vorige eienaar | A ... het aandagtig geluister. |
| 6.24.2 Die sussie (verteller) | B ... wou vir die donkie 'n nuwe blyplek gee. |
| 6.24.3 Die broertjie | C ... het gedink aan skade wat die donkie kon aanrig. |
| 6.24.4 Skrywer | D ... het nie vir die donkie omgegee nie. |
| | E ... het die donkie op 'n simpatieke manier voorgestel. |

(4 x 1) (4)

6.25 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die donkie wys dat hy van die broertjie hou.
- Die verteller en die broertjie stry oor die donkie.
- Die broertjie kry sy sin om die donkie te hou.
- Die broertjie kom met die donkie by die huis aan. (4)

6.26 Hoekom, dink jy, kan 'n mens sê dat "Tom" 'n gepaste titel is vir hierdie verhaal? (1)
**[20]**

**OF**

